

20 Maart

Skrifgedeelte: Handeling 2:1-4; 32-38

Fokusgedeelte: Handeling 2:37, 38 (1993/53- en 1983-vertaling)

“Wat moet ons doen?” – “Bekeer julle!”

Minder as twee maande gelede was hulle onder die betogende skare en het hulle saamgeskreeu: Kruisig Hom! Kruisig Hom! En nou is hulle diep in hulle harte getref, want die Heilige Gees het hulle oortuig hierdie Jesus wat julle gekruisig het, uit die dood opgestaan het en Hy is die Messias, die Christus, en wat meer is: Hy is die Here! Die geïnspireerde preek van Petrus, waardeur die Heilige Gees hulle oortuig het dat hulle gruwelik opgetree het deur Hom te laat kruisig, laat hulle angsbevange vra: “Wat moet ons doen?” Die Heilige Gees, wat pas uitgestort is, tref die harte van baie wat na die preek geluister het. “Wat moet ons doen?”

Petrus antwoord: “Bekeer julle!” Verander julle denke, gesindheid en harte teenoor Jesus Christus! Draai weg van ’n lewe van selftevreidenheid, van ’n lewe van liefdeloosheid teenoor God deur sy Seun te verwerp. Draai na God toe en omhels in afhanklikheid sy Seun. “Laat julle doop in die Naam van Jesus.”

Bekering eindig nie wanneer ons deur God verander is en ons uit die geestelike dood na die lewe oorgegaan het nie. Uit dankbaarheid vir ons radikale bekering, ons wedergeboorte, volg ons daaglikse bekering. Elke dag bring die Gees en Woord ons voor die ontsagwekkende God en ontdek ons opnuut met berou ons sonde en bely dit, en ontdek ons ook met vreugde meer en meer wie Jesus is en wat Hy gedoen het.

God roep elkeen en elke gemeente op tot daaglikse bekering. Verander meer en meer met die verwondering, ontsag en liefde vir die een wat Here is. Vir ’n gemeente om om te keer, is die “strategie”, nee, die vraag: “Wat moet ons doen?” en die antwoord: “Bekeer julle!”

Sing: Skrifbelyning 15-1:1-4

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)